

Dinsdag 2 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 1:29-51

Fokusgedeelte: Johannes 1:51

Jesus oortref alle verwagting ...

Die verwagting wat in hierdie gedeelte oortref word, handel oor ons Middelaar. Ons het 'n Middelaar ontvang wat ons hoogste verwagtings oortref.

Dis die rede waarom Jesus vir Natanael sê: "Glo jy omdat Ek vir jou gesê het dat Ek jou onder die vyeboom gesien het? Jy sal nog groter dinge as dit sien" (Joh. 1:50).

Jesus beskryf dan hierdie groter ding soos volg: "Julle sal die hemel oop sien en julle sal die engele van God sien op- en afklim na die Seun van die mens toe" (Joh. 1:51). Hierdie woorde herinner aan Jakob se droom waarin hy engele gesien het wat teen 'n leer op- en afgeklim het na die hemel. Omdat die mens egter in sonde geval het, het daar skeiding tussen die hemel en die aarde gekom. Skeiding tussen die heerlijkheid en heiligheid van God en die sondige bestaan van die mens. Die verhaal van Jakob vertel ons egter van hierdie visioen wat Jakob gekry het. Hierdie droom dat die ideale weer eendag op een of ander manier 'n werklikheid sal word. Gemeenskap tussen mens en God sal weer 'n werklikheid word. En Jesus sê hier dat Hy die weg tot daardie werklikheid is. "... van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens" (Joh. 1:52, 1933/53-vertaling).

Jesus word die leer wat ons skakel is met die hemel. Jesus maak die weg na die hemel vir ons oop en deel aan ons al die dinge van die hemel mee. In Christus word hierdie gemeenskap met God weer vir ons 'n werklikheid. Hy bring ons in die heerlike teenwoordigheid van God.

Daarom sal ons hoogste verwagting altyd oortref word wanneer ons Christus volg.

Sing: Psalm 31-1:14

Ds. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)